Die invloed van tekste: na die literêre analise – Hermione le Roux

Tekste is nog altyd gebruik om sosiale sake aan te spreek. Dink byvoorbeeld aan boeke soos “Max Havelaar” van Multatuli, “Die Groot Andersmaak" van Rabie of selfs ouer tekste soos “Antigone” van Sophokles. Maar teks is nie beperk slegs tot die medium van boeke of dramas nie. Myns insiens bereik film baie meer mense as ander gepuliseerde media (soos boeke, e-boeke, en aanlyn koerante). Vanuit hierdie perspektief gaan die kortfilm “Homo? Boeit geen flikker...” en ’n video van Nikki de Jager, ook bekend as NikkiTutorials, getiteld “I’m coming out” bespreek word om te kyk na verskillende gebruik van die alleenspraak. Die invloed wat hierdie video's op maatskaplike vlak kan hê (of reeds gehad het), is werklik wat van belang is, aangesien die aanslag van die twee films heeltemal anders is. “Homo? Boeit geen flikker...” werk meer met ’n grondvlak benadering waar De Jager se video ’n “top-down” invloed kan hê op LGBT+ regte in Nederland. Met hierdie twee video’s in gedagte en met die gebruik van alleenspraak as basis van hierdie bespreking, gaan die motiewe vir die films ondersoek word en ook die invloed wat dit gehad het op die Nederlandse samelewing. Die groot vraag natuurlik is of daar enigiets geleer kan word uit hierdie situasies wat van toepassing is op Suid-Afrika, spesifiek met betrekking tot die bevordering van LGBT+ regte en aanvaarding.